


**Ons het die allermooiste stemboodskap ontvang al die pad van Venterstad:**

**"*Ons wil weereens sê dankie. Dankie vir elke Tannie wat gehelp brei het aan die lieflike, wonderlike, mooi geskenkies vir ons se kindertjies hier van Venterstad. Om daai glimlaggie op daai kind se gesiggie te sien! Dit beteken soveel vir ons as Onderwysers. En ons weet daai warm handskoenjies, die mussies, die serpies – dit beteken so baie vir hulle. Hulle is mal oor die lieflike kleure. Dit is pragtige kleure wat u gebruik het. Ons kindertjies waardeer dit opreg. Ons Onderwysers se harte is ook gesmelt daardeur. Dit maak ons harte warm om te weet daar is sulke wonderlike mense daarbuite wat God gebruik om uit te reik na kindertjies in 'n arm gemeenskap. Ons waardeer dit en ons vra die Here se seën oor elke een se lewe wat skenkings vir ons doen; wat dinge uit liefde vir ons doen. Ons het regtig waardering. Mag julle net van krag tot krag gaan. Kareefontein Primêre skool waardeer dit.*"**

**Dis dieselfde kindertjies wat eet by die sopkombuis in Venterstad. Baie dankie aan ons lidmate wat huisraad, klere, kombuisware en kinderboeke skenk, want so word daar fondse verkry vir die kos vir die sopkombuise in Venterstad. Daar is nog 'n dringende, groot behoefte aan warm kinderklere en komberse. Dit word tot minus 14 grade in Venterstad.**

**Enige skenkings kan in die voorportaal van Gereformeerde Kerk Bloemfontein Noord geplaas word. Merk duidelik VENTERSTAD asseblief.**

**Indien u 'n bydrae wil maak:**
**GKV Hulpfonds ABSA Spaar 9064463273 632005**
**https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum**


and all are cow some game
do birds me see pigs hens
my love red they friend mice
pretty very with three good think
saw want that pig can about
should today little small what
read funny
warm
gap pet
mad set
man
mat
map
sad


and all are
do birds me see pigs hens
my love red they friend mice
pretty very good think
want can about
should today what
read
dad pen
gap pet
mad set
man
mat
map
sad
Tante


and
all
are
do
birds
me
see
my
love
red
they
friend
pretty
very
with
three
good
think
saw
want
that
pig
can
about
should
today
little
small
what
read
didn't
funny
AFRICA


Tante
my
love
red
they
friend
mice
pretty
very
with
three
good
think
saw
want
that
pig
can
about
should
today
little
small
what
read
didn't
funny
worm
man
mat
map
sad
AFRICA